

TOEWYDINGSNAGMAAL

1. **Lees** 1 Kor 11: 23-26 saam in die groep;
2. **Lees** elkeen in stilte die gedeelte weer;
3. **Deel** in die groep wat jou aanspreek/vir jou uitstaan in hierdie gedeelte;
4. **As verbondsmaaltyd het die Nagmaal die volgende betekenis:**
 - a. Gedagtenismaaltyd – ons bring Jesus se kruisiging en opstanding in gedagte
 - b. Waarborg – ons het deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding
 - c. Viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar
 - d. Verkondiging van ons toekomsverwagting – daar is 'n wederkoms
 - e. 'n Vreugdefees – ons smaak nou al van die vreugde wat vir ons wag by die bruilofsmaaltyd van die Lam
 - f. Fees van dankbaarheid

Praat saam oor die verskillende betekenis, en deel met mekaar as daar van die betekenis is wat vir jou veral aanspreek;

5. **Vertel vir mekaar** van die eerste keer wat julle in jul lewens Nagmaal gebruik het, en hoe julle dit ervaar het. Ervaar jy die Nagmaal steeds vandag so, of het dit half 'n gewoonte geraak? **Praat saam:** hoe kan ons weer die betekenis van die Nagmaal nuut maak in ons lewe/keer dat die Nagmaal maar net nog 'n mooi gewoonte in ons lewe word.
6. **Stilgebed:** elkeen wy himself/haarself toe aan die Here met die oog op die jaar wat voorlê;
7. **Gebed:** Bid, in aansluiting by die afgelope Week van Gebed, vir al die werksaamhede, Taakspanne en Bedieninge van die gemeente met die oog op die jaar wat voorlê.